The Department also hosted Prof Isaac Prilleltensky, Dean of the University of Miami School of Education and world-renowned community psychologist. Prilleltensky has published seven books and more than 100 articles and book chapters. He has received 25 external grants in Canada, Australia, and the United States, and has presented keynote addresses in international conferences in 16 countries. His recent book, *Promoting Well-Being: Linking Personal, Organizational, and Community Change*, co-authored with his wife and School of Education clinical assistant professor Ora Prilleltensky, sets the foundation for a new research and training project designed to optimize the interaction between psychological wellness and organizational and community health. Prof Prilleltensky was the keynote speaker at the PsySSA Conference held in Cape Town last year and visited the Department of Psychology on 14 August 2009 to deliver a presentation entitled: "Psychology, justice and well-being: from amelioration to transformation" as part of the Psychology Department's colloquium programme.

## SOCIOLOGY

In April 2010 Prof Cheryl Walker travelled to Addis Ababa, Ethiopia to take part in a two-day workshop on 'Women's Land Rights in Africa', organised by the African Center for Gender and Social Development within the UN Economic Commission for Africa. She has been appointed to lead the research and produce a synthesis report for a study of women's land rights in ten countries. The selected countries are Algeria, Morocco, Liberia, Niger, Cameroon, Congo-Brazzaville, Rwanda, Uganda, Namibia and Zambia. The purpose of the April workshop was to bring together the researchers responsible for producing each of the country studies, to discuss the common framework for their research as well as the context-specific differences and research challenges found in each country. The study will be based on a critical review of primary and secondary sources of data, supplemented by interviews with key informants in the state and civil society, focus group discussions and selected site visits. It is expected to be completed by the end of 2010. "



Delegates at the Workshop; Prof Walker middle row, second right'.

## Tale

### AFRIKAANS EN NEDERLANDS

#### *Van Niekerk Se Agaat In New York Bekendgestel*

Professor Marlene van Niekerk van die departement Afrikaans en Nederlands het onlangs opgetree in New York waar die Amerikaanse vertaling van haar internasionaal bekroonde roman *Agaat* bekendgestel is.

Sy het op 1 Mei deelgeneem aan 'n gesprek met die president van PEN, K. Anthony Appiah en die Nobelpryswenner Toni Morrison oor haar werk.

Later dieselfde dag het sy ook aan 'n ander PEN-geleentheid deelgeneem, naamlik 'n poësie-voorgesing, saam met digters soos Ariel Dorfman en Homero Aridjis.



Marlene van Niekerk saam met Toni Morrison en K. Anthony Appiah

## **Geert Buelens Wen Arkprijs**

Die Utrechtse hoogleraar in Nederlandse letterkunde en buitengewone hoogleraar in die departement Afrikaans en Nederlands, US, Geert Buelens, ontvang op 12 Mei die sestigste 'Arkprijs van het Vrije Woord' in Antwerpen. Buelens (39) ontvang die prys vir sy essay-siklus oor die verantwoordelikheid van die media — 'n vierdelige reeks wat hy vir die koerant *De Standaard* geskryf het. Die jurie het Buelens gehuldig as digter, essayis, akademikus en onafhankelike denker: "Buelens verstaat de kunst om met grondige kennis van zaken heldere standpunten te formuleren. Op die manier daagt hij de cultureel-politieke wereld uit tot permanente zelfkritiek", aldus die jurie. Die Arkprijs word jaarliks uitgereik aan 'n denker wat op onafhankelike wyse die vryheid van meningsuiting uitdra.



Die prys word in 1951 gestig deur Herman Teirlinck en die redaksie van die *Nieuw Vlaams Tijdschrift*. Daar is geen geldbedrag aan die prys verbonde nie; die name van die weners word gegraveer in 'n kunsofjek in die 'Archief en Museum voor het Vlaamse Cultuurleven' in Antwerpen. Vorige prysweners sluit mense soos Hugo Claus, Ward Ruyslinck en Jef Geeraerts in. Tot die belangrikste werke van Buelens behoort die studie *'Van Ostaijen tot heden'*, die digbundel *'Verzeker U'* en *'Europa Europa!'*, oor die impak van die Eerste Wêreldoorlog op die Europese poësie. Vir hierdie boek is Buelens die afgelope jaar genomineer vir die AKO Literatuurprijs. Saam met hierdie lywige kultuurgeskiedenis publiseer hy ook die bloemlesing *'Het lijf in slijk geplant'*, 'n versameling van 200 oorlogsgedigte.

Geert Buelens

---

## **Twee nuwe publikasies van Ronel Foster (De Goede)**

### **Nuwe stemme 4**

#### **Danie Marais en Ronel de Goede**

Ronel de Goede is die medesamesteller van *Nuwe stemme 4*. Die Nuwe Stemme-reeks is 'n opwindende projek waarmee Tafelberg-Uitgewers publikasiegeleenthede skep vir digters wat nog nie genoeg gedigte het vir 'n eie, selfstandige debuut nie. *Nuwe Stemme 1* het in 1997 verskyn. Elf debuutdigters se werk is daarin opgeneem. In 2001 is *Nuwe stemme 2* gepubliseer met poësie van sestien nuwe, jong digters. *Nuwe Stemme 3* was in 2005 'n groot sukses met werk van twintig nuwelinge (waaronder Danie Marais, Loftus Marais en Ronelda Kamfer, wat al drie later met selfstandige bundels gedebuteer het en verskeie pryse verower het). Vanjaar is daar twee-en-twintig name op die deelnemerlys.

### **Over grenzen/Oor grense**

#### **Ronel Foster, Yves T'Sjoen en Thomas Vaessens**

Hierdie tweetalige vakwetenskaplike publikasie bevat 'n sestiental artikels waarin op 'n vergelykende wyse na die Afrikaanse en Nederlandstalige poësie gekyk word deur navorsers in Suid-Afrika, die Lae Lande en Pole. Die samestellers is, naas prof Ronel Foster, prof Yves T'Sjoen van die Universiteit van Gent en prof Thomas Vaessens van die Universiteit van Amsterdam. Die artikels handel, onder meer, oor Anna Enquist en Antjie Krog, Karel Jonckheere en N.P. van Wyk Louw, M. Vasalis en Elisabeth Eybers, Annie M.G. Schmidt en Philip de Vos, J. Slauerhoff en C. Louis Leipoldt, Mustafa Stitou en Sydda Essop, performances en smartlappe. Die boek is deur die bekende Belgiese uitgewer Acco uitgegee en is verkrygbaar by Protea Boekwinkel op Stellenbosch.

## **ALGEMENE TAALWETENSKAP**

### **Besoekende Dosente**

Tydens die eerste semester het die Department Algemene Taalwetenskap drie besoekende dosente ontvang wat elkeen binne derdejaarsmodules werk kom aanbied het. Dr. Joern Stegmeier van die Universiteit Heidelberg het 'n inleidende kursus aangebied in korpus-linguistiek. Die module het studente bekend gestel aan die soorte navorsing waarby dit nuttig en soms selfs dwingend is om van data uit reeds bestaande korpusse gebruik te maak. Studente is verwys na bekende en betroubare bestaande korpusse, en hulle het die beginsels van die opbou van eie korpusse eerstehands geleer deur gebruik te maak van die fasiliteite wat Humarga vir rekenaargesteeunde navorsing en onderrig beskikbaar het. In aansluiting hierby het Dr. Bernd Meyer van die Universiteit Hamburg 'n reeks lesings aangebied oor die gebruik van transkripsie-sagteware en die oorwegings wat geld vir behoorlike en betroubare transkripsie van gesproke data. Dr. Theresa Biberauer, oud-student van die Departement Algemene Taalwetenskap wat die afgelope 13 jaar reeds aan Cambridge Universiteit in Engeland verbonde is, is die afgelope twee jaar as buitengewone senior lektor aan die Departement verbind. Sy was vanjaar betrokke by die derdejaarsmodule oor Morfologie, en ook by die module oor New Englishes in Applied English Language Studies.

Die besoekers het elk 'n lesing in die department se seminaar-reeks aangebied.

- Joern Stegmeier: Using Corpora in Discourse Analysis – Proposal for Cooperation via E-Learning.
- Bernd Meyer: Germany's linguistic diversity: what about the migrant languages?
- Theresa Biberauer: Mind the gap: looking for what isn't there ... and why.

---

### **African Doctoral Academy**

Vyf studente van die African Doctoral Academy (ADA) het vanjaar by die Departement ingeskryf, nl. Hermano Ndenguino-Mpira van Gabon, Eric Shariely van Tanzanië, Connie Sobane van Lesotho, Susan Nyaga van Kenia en Tammy Jones van Suid-Afrika. Behalwe hierdie vyf studente, het die departement nog vier doktorale studente wat almal bydra tot die uitbouing van bestaande navorsingsfokusareas binne die Departement.

---

### **Von Humboldt-Stipendium – Frenette Southwood**

Frenette Southwood het 'n Georg Forster-stipendium van die Alexander von Humboldt-stigting ontvang en is vir die jaar aan die Universiteit Heidelberg verbonde waar sy navorsing doen oor die invloed van sosio-ekonomiese status (spesifiek die opvoedingspeil van 'n kind se vroulike hoofversorger en die aan- of afwesigheid van 'n manlike hoofversorger) op ouer kinders se taalvaardighede. Sy is uitgenooi om in Mei in Newcastle die vergadering by te woon van die European Cooperation in Science and Technology (Action ISO 804: "Language Impairment in a Multilingual Society: Linguistic Patterns and the Road to Assessment"). In September besoek sy die Kindertaalverwerwingslaboratorium van die Universiteit van Massachusetts in Amherst, Amerika, as gas van prof. Tom Roeper.

---

### **PhD-Eksamen – Kate Huddlestone**

Kate Huddlestone, lecturer in the Department, will be defending her PhD dissertation on 17 June at the University of Utrecht in the Netherlands. The title of the dissertation is "Negative Indefinites in Afrikaans", and is concerned with the syntactic and semantic status of Afrikaans negative indefinites in sentences like *Ons skuld niemand niks nie* ("We don't owe anybody anything") and *Ons het niemand ooit daar gesien nie* ("We never saw anybody there"). The proposed analysis of the variation in the expression and interpretation of multiple indefinites in the scope of negation is based on theoretical observations, as well as empirical data from a corpus study, a perception experiment and a sentence production experiment. Kate's promoter is Prof. Henriëtte de Swart at the Utrecht Institute of Linguistics.

## **Konferensiedeelname**

- Johan Oosthuizen besoek Cambridge Universiteit, Engeland, in Julie waar hy 'n konferensie oor formele en historiese taalwetenskap sal bywoon en twee weke gaan bly om verdere navorsing te doen.
  - Christine Anthonissen gaan in Julie by Aston Universiteit, Engeland, die Critical Link 6-konferensie bywoon oor die hantering van veeltaligheid in mediese diskoerse. In September, in aansluiting by dieselfde tema, sal sy saam met kollegas van die Universiteite Hamburg en Geneve deelneem aan EACH 2010 – 'n internasionale konferensie oor kommunikasie in die aanbod van mediese dienste.
  - Taryn Bernard will represent the Department at the annual SoTL conference in May where she will present a paper on a genre-based approach to literacy with suggestions as to the value of such an approach in developing academic literacy at tertiary level.
- 

## **NRF Scholarships**

Four staff members of the Department are busy with research projects that have been awarded generous NRF support. Three received grants for their PhD projects, which will not only assist them in completing their own work, but also in developing their research themes further after completion. The fourth grant is for a project that is housed in the Faculty, and that is linked to the Institutional Research Development Programme (IRDP); this project, "Transitions and Translations", focuses on various aspects of societal bilingualism, multilingualism and language shift. These NRF awards allow for grant-linked scholarships to full-time Masters and PhD students whose work is connected with the research projects of the various lecturers. Currently studying with such grant-linked support, and progressing very well, are:

### **PhD:**

- Lauren Mongie

### **MA/Mphil:**

- Jeané de Bruin
  - Lauren Onraet
  - Carla Ellis
  - René Joubert
  - JJ Meyer
  - Anneke Perold
  - Erin Kruger
  - Joanine Nel
- 

## **2009 Graduandi**

Agt studente het in 2009 die MA in Taalwetenskap vir die Taalprofessies behaal, agt die MPhil in Tweedetaalstudie en agt die MPhil in Interkulturele Kommunikasie.

Ons is ook besonder trots op Dr. JM Olivier wat die graad DLitt in Desember 2009 behaal het met as titel vir haar proefskrif "Investigating literacy development among learners with a second language as medium of instruction".

---

## ANTIEKE STUDIE

### *Von Humboldt-toekenning*




Prof Johan Thom het 'n toekenning van die Alexander von Humboldt-stigting ontvang om gedurende 'n navorsingsgeleentheid vanaf 1 Junie tot 31 Desember vanjaar navorsing by die Humboldt Universiteit in Berlyn te doen. Gedurende hierdie periode sal hy aan 'n nuwe teksuitgawe met vertaling, inleiding en kommentaar oor Pseudo-Aristoteles se boek Oor die kosmos werk. Hierdie werk handel oor die samestelling van die wêreld en die rol van god om dit in stand te hou. Die navorsing vorm die kern van 'n bundel waartoe verskeie geleerdes uit Duitsland, Ierland, die VSA en Suid-Afrika ook bydraes sal lewer en waarvan prof Thom die eindredakteur is. Die vertaling en ander bydraes sal gedurende 'n kolloquium in Göttingen in 2012 bespreek word voordat die bundel gefinaliseer word.

---

### *Cook on NRF panel*

Prof Johann Cook has been elected to serve on a specialist NRF panel for Evaluation and Rating for the next three years.



---

### *MPhil seminaar*



Die Departement Antieke Studie se jaarlikse MPhil seminaar het van 10 tot 13 Mei plaasgevind. Op die foto verskyn die studente saam met van die personeellede.

## Departement Antieke Studie Deel Pryse Uit



Die Departement Antieke Studie het onlangs pryse aan studente wat tydens 2009 presteer het, uitgedeel. Op die foto verskyn vlnr: Wolhuter Theron (beste student in Grieks 3), prof Johan Thom (departementele voorsitter), Reinhardt Bierman (beste student in Latyn 3), prof Pieter Conradie (emeritus-professor in Grieks), mev Kotie Smuts (eggenote van prof Frans Smuts, voormalige professor in Latyn), prof Marianna Visser (visedekaan: Tale), John Meyer (beste student in Grieks 2), Megan Moodie (beste student in Latyn 2), Kotzé Olivier (beste student in Grieks 2). Nie teenwoordig nie: Tamara Eberhard (beste student in Antieke Kulture 3).

## Wêreldbekergees!



Die Departement Antieke Studie het op 11 Junie Sokkergees gevang! Op die foto verskyn vlnr: agter: Mercia Kennedy, Josh Westbury, Alexander Andrason, Sakkie Cornelius, Liani Swanepoel, Johann Cook en Paul Kruger; en voor: Liesel Heyns, Brian Harris en Brigitte Cyster



## Woordfees-oorsig



Mens kan nie help om te wonder wat Hendrik Biebouw se reaksie sou wees as hy vanjaar se Woordfees op Stellenbosch moes bywoon nie. Toe dié oproerige dronkaard in Maart 1707 sy verset teen die owerhede laat opklink het met die uitroep “Ik ben een Afrikander”, kon hy hom kwalik voorstel watter draaie die taal van sy nasate sou loop in die veelbewoë geskiedenis wat hom sedertdien aan die suidpunt van Afrika afgespeel het.

Oor die elfde Woordfees wat van 1 tot 7 Maart in die Eikestad aangebied is, sou Biebouw waarskynlik ‘n mondvul gehad het. Te midde van taalstryders wat swaarde kruis oor die verengelsing van Maties, is Afrikaans behóórliek gevier in haar volle diversiteit en ‘n verskeidenheid kunsuitinge.

Een van die belangrikste feesdoelstellings is, volgens die Woordfeesdirekteur prof. Dorothea van Zyl, om die prestasie van Afrikaans te vier, in sinergie met die tale waaraan dit op verskillende maniere die naaste staan. Die US Woordfees is allermens eksklusief Afrikaans. Sedert die ontstaan van dié fees word die interaksie tussen Afrikaans en die tale waarmee sy ‘n historiese en geografiese verwantskap deel, in die Woordfees se missie onderskryf.

“Die fokus val uiteraard grotendeels op Afrikaans,” sê Melt Myburgh, onlangs aangestel as woordkunsprojekbestuurder, “maar mens moet onthou dat ander inisiatiewe in die Wes-Kaap, soos die Kaapstadse Boekebeurs en die literêre fees op Franschhoek, ‘n groot deel van die nie-Afrikaanse energie van die Woordfees wegsyfer. En dit is nie noodwendig ‘n slegte ding nie.”



Vanjaar is die gevierde Zimbabwiese skrywer Shimmer Chinodya onder meer na die Woordfees gebring. Zimbabwiese studente wat aan Maties studeer, het gestroom na sy optredes. Chinodya, wat ‘n gas was van ProQuest, ‘n Amerikaanse maatskappy wat digitale databasisse aan opvoedkundige instellings verskaf, kon nie uitgepraat raak oor die skoonheid en gasvryheid van Bolanders nie.


Veral die rykdom en kreatiwiteit van die Afrikaanse letterkunde wat binne so ‘n kort tyd tot stand gekom het, bring mee dat die Woordfees van jaar tot jaar kan vernuwe en verras. Vanjaar was daar sowat 204 aanbiedings op die Woordfeesprogram, teenoor 164 in die groot tiende jaar – nogal ‘n waagstuk, want die tendens is dat ‘n elfde fees aansienlik kleiner is as die tiende.

Die tema van 2010 se Woordfees, “Baljaar, Sport en Sports”, het die klem gelê op die feestelike vrolikheid waarmee ‘n taalgemeenskap kan omgaan met woordkuns in al sy vorme. Die woord “baljaar” (bál-jaar ter ere van die Sokker Wêreldbeker en ‘baljáár’ soos ons dit ken) kom uit Surinaams-Nederlands en is ‘n mengvorm met Spaans, wat ‘dans’ beteken. Dit is reeds in 1844 as Afrikaans uitgelig in Changuion se protes teen Afrikane se verwinging van Nederlands en kom ook voor in prof. Mansvelt (een van die eerste professore aan die US) se Afrikaanse woordeboek uit 1884. Mansvelt en S.J. du Toit dui die betekenis van ‘baljaar’ in 1908 aan as: ‘luidrugtig speel, stoei, lawaai maak’. Die Surinaams-Nederlandse ‘baljaren’ beteken weer: ‘spring of ‘n ophef maak van iets’.

Dit het voortreflik aangesluit by die plakkaat van Piet Grobler met ‘n vrolike geel padda en 11 brommers daarop – insluitende ‘n sokkerbrommer – waarmee die nuwe siklus van 10 jaar ingelui is. Dit is nie net die 11de Woordfees nie, maar daar is ook 11 spelers in ‘n sokkerspan.

Rekord-kaartjieverkope en ‘n uitstekende bywoningsyfer van sowat 71% dui daarop dat feesgangers met hul voete vir die Woordfees stem. Een van die redes wat feesgangers aanvoer, is dat die aanbiedings versprei is oor ‘n groot aantal lokale binne en buite Stellenbosch. “Terwyl die feeskern (die Plataankafee) agter die Sasol Kunsmuseum druk besoek word, vind daar nie ‘n vertrapping plaas in die strate soos wat dikwels die geval is by ander feeste nie,” sê Eduard Rosenstrauch, Woordfees-projekbestuurder. “Op





Stellenbosch is ons in die gelukkige posisie dat wynplase in die omgewing beskik oor lieflike fasiliteite wat ideaal is vir Woordfees-aanbiedings. Produksies waarheen studente stroom, veroorsaak byvoorbeeld nie botsings met aanbiedings wat ingestem is op 'n rustiger gehoor nie."

Oudergewoonte was top-name in die Afrikaanse literêre bedryf vanjaar teenwoordig by die Woordfees. André P. Brink en Petra Müller, wat albei 75 word, is gehuldig tydens profielgeleenthede. Peter Snyders, Pieter Fourie en Philip de Vos is ook vereer in of kort ná die jaar waarin hulle 70 word.

Gewilde staatmakers soos Annelie Botes, Rachelle Greeff, Hennie Aucamp, Joan Hambidge en Deon Meyer was daar. Klassieke en kontemporêre musiekproduksies het saam met dramas en diskoersgeleenthede gesorg vir 'n kwaliteit-fees wat met trots kwalifiseer as 'n vlagskipprojek van die Universiteit Stellenbosch.

Woordkunstenaars uit die Lae Lande het kom wys waarom hulle internasionale statuur geniet. Geselskappe soos Theatergroep Flint en Theater van de Verloren Tijd het gehore gaande gehad met die uitsonderlike wyse waarop hulle met woorde - en musiek - omgaan. Stef Bos, deesdae 'n Kapenaar, het ook groot byval gevind by fees-gangers. Uit die Nederlande het skrywers soos Menno Wigman en Annelies Verbeke onder andere deelgeneem aan 'n Neerlandistiekdag waar studente van ses universiteite, selfs so ver as Namibië, teenwoordig was.

Die interaksie tussen skrywers en kunstenaars van verskillende generasies is iets wat nie genoeg na waarde geskat kan word nie. Kombinasies van gevestigde en opkomende skrywers, saam met kundiges uit die media-wêreld, het gesorg vir vars idees. Koos Kombuis en Hunter Kennedy van fokofpolisiekar-faam se optrede by die Beyerskloof-Musiekmarathon was byvoorbeeld 'n unieke ervaring. Volgens Kombuis het hy en Kennedy aanvanklik gesukkel om mekaar op musikale vlak te vind, maar toe Schalk Joubert toegetree het as regisseur, het die vonke begin spat.



'n Geleentheid soos die Woordfees is ideaal om kundigheid te deel en blootstelling te verskaf aan opkomende skrywers. Die gewildheid van die skryfskole getuig hiervan. Die ATKV bied vir jare reeds 'n kinderboekskryfskool aan waar voornemende skrywers se talente vir 'n paar dae lank geslyp word. Sanlam en LitNet se skryfskool is ook besonder gewild. Vanjaar is hul sketse-skryfskool aangebied met Dana Snyman, Martie Retief Meiring en Elias P. Nel as aanbieders.

Die omvattende Sanlam-dramafees, is 'n gewilde komponent van die Woordfees se program. Vanjaar het produksies soos As die broek pas, met Marthinus Basson as regisseur en Antoinette Kellerman op die verhoog, besonder indruk gemaak. Willem Anker se Skrapnel, wat verlede jaar by Aardklop bekroon is, was ook baie gewild. Die wenner van die Nagtegaal Teksprys debuteer voortaan by die US Woordfees. Vanjaar was Daleen Kruger se Draadwerk op die planke nadat Rachelle Greeff se Die naaimasjien verlede jaar wyd sukses beleef het.

"Die sinergie wat dramaproduksies tussen die verskillende kunstefeeste bewerkstellig, is tot voordeel van die ganse bedryf," sê Prof. Dorothea van Zyl. "Dit is van groot belang om deurlopend werk aan ons hoogs talentvolle akteurs, teksskrywers en regisseurs te verskaf.

As Hendrik Biebow vandag die strate van Stellenbosch bewandel het, sou hy waarskynlik luidkeels meegedoen het aan die entoesiasme wat heers vir die Woordfees se Woorde Open Wêreld (WOW)-projek. Dié taalbemaatgigingsinisiatief, wat elke jaar ongeveer 17 000 leerders en opvoeders van skole in die Wes-Kaap bereik, bring Afrikaanse skrywers terug na die klaskamer. Danksy instansies soos die ATKV, die Dagbreek- en Hiemstra-trusts, Provincie Antwerpen en Media24, slaag dié projek daarin om daadwerklik 'n verskil te maak in die lewens van jongmense wat onderrig in Afrikaans ontvang.

Skrywers en digters soos Deon Meyer, EKM Dido, Lina Spies en Peter Snyders gooi hul volle gewig in agter dié projek en besoek skole saam met Fiona van Kerwel en Shireen Crotz, wat die WOW-leisels saam met Dorothea van Zyl vashou.





Op die Saterdag van die Woordfees was daar sowat 1 700 leerders en onderwysers by 'n WOW-dag, joernalistiek-werkswinkel, Woelige Woorde-slypskool en Onderwysersforum. Die gaste, o.a. Oubaas en Hilda van Sewende Laan, asook Peter de Villiers en Breyton Paulse, is geesdriftig verwelkom. Groot getalle mense het ook die Mardi Gras op die Braak en die Stellenbosch Karnaval op die Van der Stel Sportterrein bygewoon.

Die drif waarmee die Woordfees elke jaar wind deur die akkerblare stoot, strek dus verby die weeklange feestelikeheid waar bekendes soos tannie Evita Bezuidenhout en 'n falanks skrywers en kunstenaars die wonder van die woord vier: die opvoedkundige komponent vind regdeur die jaar neerslag in aktiwiteite wat dele van die gemeenskap bereik waar die nood die hoogste is.

In sy bestaan van elf jaar het die Woordfees toenemend 'n tuiste geraak vir die visuele kunste. Vanjaar het die feeskunstenaar, Andries Botha, 'n sterk ekologiese boodskap na die fees gebring met sy beelde van twee baba-olifante. Volgens Amanda Botha, gaskurator van die Woordfees, was dit die eerste keer dat dié internasionaal-gerekende kunstenaar se werk in die Wes-Kaap aangebied word. "En dit is slegs die tweede solo-uitstalling wat hy in die afgelope vyftien jaar in Suid-Afrika hou," voeg sy by.

Die bekende Theo Kleynhans was verantwoordelik vir 'n reeks uitstallings wat tydens die fees by Stellenbosch se P.J. Olivier Kunssentrum aangebied is. Hy het feesgangers op rondleidings geneem om winskopies uit te wys en agtergrond te verskaf oor kunswerke. "Meeste van die uitstallings is gebou rondom woord en klank. Titels soos Kladboek, Kwetter en Dagboek spreek hiervan. Woorde en beelde is familie van mekaar; kunstenaars het 'n taalsensitieweit en skrywers het 'n beeld-sensitieweit, en dis waarop ons vanjaar gefokus het," sê Kleynhans.

Dat die verskillende media waardeur woorde hul lê kry in die hande en monde van kunstenaars, 'n unieke, onverklaarbare vermoë het om grense binne 'n taalgemeenskap op te hef, is pas weer gedemonstreer deur aanbiedings wat uitverkoop het by die US Woordfees. Vir byna 30 produksies, wat strek van 'n aanbieding oor die ontslape digter Uys Krige, verby musiekkonserte deur kunstenaars soos Chris Chameleon en Jan Blohm, tot by die optrede van André P. Brink en die Koorfees Gala-aand waarmee op 'n hoë noot afgesluit is, is daar byna vuisgeslaan vir kaartjies. By hierdie geleentheid het oud en jonk skouers geskuur met een doel voor oë: die viering van die gesproke, geskrewe en musikale woord.

Hendrik Biebouw sou vandag ongetwyfeld gekraai het van plesier in die Woordfees-strate van Stellenbosch, met die uitbundigheid wat die vrolikste bergie hom nie sou kon nadoen nie.

